

Donderdag 27 Augustus

Skrifgedeelte: Prediker 6:10-12

Fokusgedeelte: Prediker 6:12

God is goed en sy goedheid duur tot in ewigheid

Dit gaan nie altyd goed met 'n mens nie. Selfs ten spyte van die beste beplanning, kan ons nooit weet wat volgende in die lewe gaan gebeur nie. Dikwels is daar slegte dinge wat oor ons pad kom: 'n groot ongeluk, siekte of finansiële druk.

Hierdie beperking van die mens word in sy naam aangedui wat God aan hom gegee het. Die Prediker verwys na Genesis 2:7 waar die naam van die mens (*adam*) met grond (*adamah*) verbind word. Hy is net 'n skepsel. 'n Mens kan dus vir die toekoms beplan, maar dit nooit bepaal nie.

Aangesien 'n mens se kennis so beperk is, volg die logiese vraag hoe 'n skepsel dan met sy Maker kan stry? Tipies sal jy wil stry oor 'n slegte situasie in jou lewe wat nie uitgedraai het soos jy wou gehad het nie. Dit wat oor jou pad kom, is nie vir jou lekker nie. Jou dwaasheid sal egter baie vinnig duidelik word as jy met God stry wat alles weet. Dit sal baie vinnig duidelik word dat jou beste argument van jou totale onkunde getuig.

Want God weet nie net wat vir jou lekker is nie, maar ook wat vir jou goed is. Hy gee wonderlike dinge om te geniet in die lewe, maar Hy beskik ook dat slegte dinge in jou lewe gebeur. Dan hoor ons in Romeine 8:28 dat Hy alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

Juis omdat God alles weet, en ook alles ten goede laat meewerk vir gelowiges, kan ons in alle voorspoed dankbaar wees, en in alle teëspoed geduldig wees. Ons weet ons omstandighede bepaal nie ons waardigheid nie. Ons weet dat die Here selfs dinge wat nie vir ons lekker is nie, vir ons ten goede sal laat meewerk. Ons vertrou nie op ons omstandighede nie, maar op God wat alles weet en alles kan doen.

Sing: Psalm 90-1:1, 2, 7

Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)